# Die Kruin-o-gram

23 Mei 2021 - Uitgawe 04

## Hoekom word jy kwaad? | Jona 4



Die *boek van Jona*, of te wel *Jona*, is te vinde in die profetiese afdeling van beide die Hebreeuse en Christelike Bybels. Die verhaal van Jona speel af tydens die regeringstyd van koning Jerobeam II (786-746 BCE), maar is eers heelwat later, na die Babiloniese ballingskap geskryf.

Die verhaal het 'n lang vertellingsgeskiedenis en is vandag bekend as 'n kinderverhaal. In die Joodse tradisie, waar Jona deel uitmaak van die *Haftarah* gedeelte van die *Yom Kippur* fees, het Jona 'n liturgiese funksie.

Anders as ander profetiese boeke in die Bybel is die boek van Jona 'n verhaal en bevat slegs die profesie van Nineve se vernietiging. Daar is ook 'n poëtiese gedeelte in hoofstuk 2. Dus bevat Jona al die elemente van 'n narratief, naamlik, karakters, storie, temas en ruimte. Dit maak ook baie gebruik van literêre middels soos ironie.

Die verhaal van Jona kan dan hoofsaaklik in twee hoofgedeeltes opgedeel word – Jona 1 en 2, waar Jona probeer wegkom van die Here se opdrag af, daardeur ander mense se lewens in gevaar stel en dan deur 'n groot vis ingesluk word. Jona 3 en 4, die tweede gedeelte, waar Jona die Here se opdrag uitvoer, maar kwaad word vir die Here, wanneer die Here genade aan die Nineviete bewys. In die fees van Yom Kippur is Jona dan 'n gepaste teks om te lees, omdat die verhaal die genade van God baie goed illustreer.

# Delf Dieper

Hierdie gedeelte van die Kruin-o-gram is spesifiek gemik op die jongmense, die tieners in ons gemeente. Hier daag ons, ons tieners uit om op drie vlakke te groei in hul geloof - 1) vir mekaar, 2) na God, 3) en na mense daar buite. Die doel van Delf dieper is dat ouers en tieners saam kan praat oor die Skriflesing aan die hand van die boonste oordenking, sodat die hele gesin tot 'n nuwe verstaan kan kom van die Bybel. Wanneer die gesin dus weer bymekaar kom, vra die volgende vrae vir mekaar en sien hoe die Gees van God in jou gesin beweeg.

1. Na mekaar
   a. Hoe gaan dit met jou hierdie week?
   b. Hoe het die rapport gelyk?

2. Na God
   a. Lees Jona 4
   b. Wat val jou op wanneer jy hierdie gedeelte lees?
   c. Wat sê hierdie gedeelte oor God?
   d. Hoekom dink jy word Jona kwaad oor die komkommer plant?
   e. Wat leer hierdie gedeelte ons oor ons eie woede?

3. Na mense
   a. Gaan uit hierdie week en probeer om uit te vind wat jou kwaad maak en hoekom dit jou kwaad maak.



# Die geveg by Jerigo

## Numeri 13; Josua 2 en 6

Uiteindelik was die Israeliete naby die Beloofde Land. God het vir Moses gesê om spioene soontoe te stuur. Moses het twaalf mans gekies om te kyk hoe die mense lyk en hoe goed die land is.

Die spioene het teruggekom en gesê: "Die land is mooi. Daar is baie kos. Maar die mense is groot en sterk!"

Josua en Kaleb het gesê: "Moenie bekommerd wees nie. God het die land aan ons belowe. Hy sal dit vir ons gee."

Die ander Israeliete het nie met Josua en Kaleb saamgestem nie. Toe sê God vir Moses: "Die mense vertrou My nie genoeg nie. Hulle mag die Beloofde Land nie binnegaan nie." Vir die volgende 40 jaar het God se mense in die woestyn geswerf.

Ná Moses se dood het Josua die leier van die Israeliete geword. God het hulle na die Beloofde Land toe gelei, en na die stad Jerigo toe. Die stad is beskerm deur hoë mure.


Twee spioene het by die stad ingegaan. Hulle is na Ragab se huis toe. Die koning van Jerigo het sy soldate beveel om die twee mans te vang.

Ragab het die mans op haar dak weggesteek. Toe die soldate daar aankom, sê sy: "Die spioene is klaar weg. As julle gou maak, kan julle hulle dalk vang." Die soldate is haastig weg om hulle te gaan soek.

"Dankie dat jy ons gehelp het," het die spioene vir Ragab gesê. "Ons belowe ons sal jou en jou familie se lewe spaar wanneer ons terugkom." Toe help Ragab die spioene om te ontsnap.

Toe die spioene veilig terug is, het God vir Josua gesê: "Laat jou soldate om Jerigo marsjeer terwyl die priesters op hulle ramshorings blaas. Doen dit een keer per dag vir ses dae."

"Op die sewende dag moet julle sewe keer om die stad marsjeer." Josua het presies gedoen wat God gesê het.



Die priesters het op hulle ramshorings geblaas. Die soldate het so hard geskree as wat hulle kon. Jerigo se sterk muur het inmekaargeval.

Die Israelitiese soldate het ingestorm en die stad ingeneem. Die spioene het hulle belofte aan Ragab gehou. Haar familie is gered.

(Uit: Bybelstories vir beginners)

| Verjaarsdae |
| --- |
| **Sondag 23 Mei** |
| Hector van Aaardt |
| |
| **Maandag 24 Mei** |
| Anton Coertzen |
| Rassie Erasmus |
| Karen Rautenbach |
| Bianca Smith |
| |
| **Dinsdag 25 Mei** |
| Corne Fouche |
| Philip Venter |
| |
| **Woensdag 26 Mei** |
| Christelle Booysen |
| Japie de Jager |
| Johan Jacobs |
| Chris Malan |
| Dante van Wyk |
| |
| **Donderdag 27 Mei** |
| Danie Nieuwenhuis |
| Richard van Tonder |
| |
| **Vrydag 28 Mei** |
| George Botes |
| |
| **Saterdag 29 Mei** |
| Roughe Eysele |
| |
| **Beste wense vir 'n gelukkige Nuwe lewensjaar !!** |

## Gebedslys

**KANKER**
Charles Du Plessis - Martie van der Merwe
Johnny Redelinghuys - Koos Barkhuizen
Rita Pieters - Yvonne Lombard - Japie De Clerq
Colene Smith - Dr. Hennie van Buuren
Miné van der Merwe (10 jaar oud)
Allison Lobo Das Neves

**GESONDHEID**
Hilie Green - Mimi Fourie
Heleen Morton (Benodig 'n nier vir 'n niervervanging).
Klein Janro de Jager – Ben van Jaarsveld (Anine se pa)
Alex Smit - Logan Campher – Anelda Du Toit – Jayden Du Toit
Charmaine Whittaker - Klein Nathan Janse van Nieuwenhuizen
Hannes van Deventer se oom, Louis van Aswegen

**AFSTERWE**
Annelie Venter se suster is oorlede
Marietjie Nel se broer

**SWANGERSKAPPE**
Runé en Eckard Erasmus
Tia en Japie de Jager
Bianca en Paul Steyn
Herman en Rozanne Steyn

**ONS BID OOK VIR**
Indië wat gebuk gaan onder Covid-19

## Hoe om Zapper te gebruik

1. Scan die QR-kode
2. Sit in bedrag
3. Kliek op betaal

Let wel dit werk met jou persoonlike bank (FNB, ABSA, Nedbank ens.) se toepassing ook.

**Bankbesonderhede:**
N.G. Silvertonkruin
ABSA - 632005
Tjek rekening: 70580888

zapper™